



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

WISKUNDIGE GELETTERDHEID V1

NOVEMBER 2016

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 2 antwoordblaaie en
'n addendum met 4 bylaes (5 bladsye).**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Beantwoord AL die vrae.
2. 2.1 Gebruik die BYLAES in die ADDENDUM om die volgende vrae te beantwoord:

BYLAE A vir VRAAG 1.1
BYLAE B vir VRAAG 3.1
BYLAE C vir VRAAG 3.2
BYLAE D vir VRAAG 5
- 2.2 Beantwoord VRAAG 1.2.4(a) op die aangehegte ANTWOORDBLAD 1.
Beantwoord VRAAG 4.2.6 op die aangehegte ANTWOORDBLAD 2.
- 2.3 Skryf jou sentrumnommer en eksamennummer in die ruimtes op die ANTWOORDBLAAIE. Lewer die ANTWOORDBLAAIE saam met jou ANTWOORDEBOEK in.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik, tensy anders aangedui.
6. Toon ALLE bewerkings duidelik.
7. Rond ALLE finale antwoorde toepaslik volgens die gegewe konteks af, tensy anders aangedui.
8. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.
9. Kaarte en diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE, tensy anders aangedui.
10. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

1.1

BYLAE A toon 'n huisleningstaat en transaksiegeskiedenis vir die tydperk 22 September 2013 tot 22 Maart 2014.

LET WEL:

- Die termyn van die huislening is 20 jaar.
- Die maandelikse administrasiegeld bly onveranderd vir die duur van die leningstermyn.
- Die rentekoers het slegs een keer tydens hierdie staat se tydperk verander.

Gebruik BYLAE A om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 1.1.1 Gee die naam van die lener. (2)
- 1.1.2 Noem die einddatum (maand en jaar) van die lening. (2)
- 1.1.3 Bereken die verskil tussen die versekerde waarde van die eiendom en die geregistreerde verbandbedrag. (2)
- 1.1.4 Bepaal die totale administrasiegeld betaalbaar vir die volle leningstermyn. (3)
- 1.1.5 Die rentekoers het op 30 Januarie 2014 met 0,5% gedaal.
Bepaal die rentekoers wat voor 30 Januarie 2014 gebruik is. (2)
- 1.1.6 Bereken die BTW-bedrag wat by die maandelikse administrasiegeld ingesluit is. (3)
- 1.1.7 Verduidelik die term *huislening*. (2)
- 1.1.8 Kies EEN van die volgende stellings wat korrek verduidelik waarom die rentebedrae wat vir Februarie en Maart gehef is, verskil:
A Die rentekoers het verander.
B Rente word teen die daaglikse uitstaande balans gehef.
C Die rentebedrag verminder maandeliks. (2)
- 1.1.9 Die debietorder is as gevolg van 'n bankfout nie op 1 Oktober 2013 betaal nie. Die debietorder is op 2 Oktober 2013 betaal. Die bank het die fout reggestel deur 'n aanpassing te maak, soos aangetoon op die staat.
(a) Bereken die aanpassingsbedrag. (2)
(b) Noem vervolgens of hierdie aanpassingsbedrag as 'n debiet of 'n krediet getoon moet word. (2)
- 1.1.10 Bereken die bedrag rente verskuldig op 1 April 2014 wat op die volgende staat getoon sal word.
Jy mag die volgende formule gebruik:
$$\text{Rente} = \frac{\mathbf{B} \times \mathbf{n} \times \mathbf{r}}{365}$$
 waar
B = balans op die 1^{ste} van die vorige maand
n = die aantal dae in die maand
r = die rentekoers (3)

1.2

Khumu beplan 'n funksie om fondse vir behoeftige leerders in te samel.

Deel van haar plan is om 'n geskikte lokaal vir ongeveer 200 tot 300 persone te vind. Sy kry kwotasies by drie verskillende diensverskaffers. Elke lokaal het 'n vaste huurkoste asook 'n veranderlike koste per persoon.

TABEL 1 hieronder toon die kostestruktuur van hierdie drie lokale.

TABEL 1: KOSTESTRUKTUUR VIR DIE LOKAAL

LOKAAL	VASTEVERHURINGS-KOSTE	VERANDERLIKE KOSTE PER PERSOON
Avon	R3 000	R75
Beach Hotel	R6 000	R45
Kasteel	R11 000	R25

Die grafieke wat die totale koste van die drie lokale voorstel, word op ANTWOORDBLAD 1 aangetoon.

Gebruik die inligting in die tabel hierbo en die grafieke op ANTWOORDBLAD 1 om die volgende vrae te beantwoord.

1.2.1 Verduidelik die term *veranderlike koste* in hierdie konteks. (2)

1.2.2 Bereken die presiese totale koste om die Beach Hotel-lokaal vir 230 mense te huur.

Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Totale koste (in rand)} = \text{vaste koste} + 230 \times \text{veranderlike koste} \quad (3)$$

1.2.3 Bepaal:

(a) Die goedkoopste lokaal indien slegs 90 persone die funksie bywoon (2)

(b) Die maksimum getal persone wat die funksie kan bywoon indien die totale koste vir die lokaal R15 000 is (2)

1.2.4 Khumu verkoop die kaartjies teen R150 elk.

(a) Teken die inkomstegrafiek vir die verkoop van tot 200 kaartjies op dieselfde rooster as die totalekostegrafieke op ANTWOORDBLAD 1. (4)


(b) Bereken die totale wins wat gemaak kan word indien sy die Kasteel-lokaal huur en vir 250 persone betaal, maar slegs 194 kaartjies verkoop. (5)

[43]

VRAAG 2

2.1

Kataryna beplan 'n modeparade en wil die skoolsaal vir die geleentheid gebruik. Die saal het 'n verhoog en sy beplan om 'n verhewe (wat gelig is) T-vormige platform wat 'n loopplank genoem word, voor die verhoog op te rig, soos in die diagramme hieronder getoon.



Die SEWE oop reghoekige sykante van die T-vormige loopplank sal met materiaal bedek word. Die bokant van die loopplank sal met 'n mat bedek word. Die totale lengte van die loopplank is gelyk aan $\frac{1}{3}$ van die lengte van die saal.

[Aangepas uit www.jerichostage.com]

2.1.1 Bereken:

(a) Die ontbrekende waarde **d** (in mm) (3)

(b) Die totale lengte (in mm) van die oop sykante van die loopplank (3)

(c) Die oppervlakte (in m^2) van die loopplank wat met 'n mat bedek moet word

Jy mag die volgende formule gebruik:

Oppervlakte van 'n reghoek = lengte \times breedte (4)

(d) Die lengte (in m) van die saal (3)

2.1.2 Harry, 'n Britse model, wil die afmetings (in voet) van die voorste deel van die loopplank weet.

Herlei 4,2 m na voet, afgerond tot een desimale plek.

LET WEL: 1 voet = 0,3048 m (3)

2.2

Die organiseerders van die modeskou besluit om sjokolade by die ingang aan die toeskouers uit te deel. Die prentjies en diagramme hieronder toon die twee verskillende houers waarin die sjokolade verpak sal word.

Prentjies van verskillende houers





<p>Houer met vierkantige basis</p> 	<p>Silindriese houer</p> 
---	---

Diagram van verskillende houers

 <p>Hoogte 240 mm</p> <p style="text-align: center;">A</p> <p>Volume = 3 456 cm³</p>	 <p>Hoogte 24 cm</p> <p style="text-align: center;">r</p> <p>Radius (r) = 7 cm</p>
---	---

2.2.1 Bepaal **A**, die lengte (in cm) van EEN sy van die vierkantige basis.

Jy mag die volgende formule gebruik:

Volume van die houer met vierkantige basis = (sy)² × hoogte (4)

2.2.2 Die organiseerders van die modeparade wil hulle eie etiket rondom die buitenste geboë kant van die silindriese houer gebruik. Die etiket sal 1 cm langer as die omtrek van die sirkelvormige basis wees om oorvleueling toe te laat.

Bepaal die totale oppervlakte (tot die naaste cm²) van al die etikette wat vir 76 silindriese houers benodig sal word.

Jy mag die volgende formule gebruik:

Oppervlakte van een etiket (in cm²) = [1 + 2 π × r] × hoogte
gebruik π = 3,142 (4)

2.2.3 Toon aan, met berekeninge, dat die volume van die silindriese houer 238,99 cm³ meer is as die volume van die houer met die vierkantige basis.

Jy mag die volgende formule gebruik:

Volume van silinder = π × r² × hoogte gebruik π = 3,142 (3)

2.2.4 Noem die geskikste metrieke maateenheid vir die massa van 'n houer met sjokolade.

(2)
[29]

VRAAG 3

- 3.1 Rahim se gunstelinggroep ('band') tree in 'n buitelugarena op. Die sitplekplan van die arena word in BYLAE B getoon.

Gebruik BYLAE B om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 3.1.1 Bepaal die totale getal sitplekke wat in die middelste blok beskikbaar is. (3)
- 3.1.2 Gee die kompasrigting vanaf sitplek E12 na die verhoog. (2)
- 3.1.3 Rahim sit presies in die middel van 'n ry in die middelste blok. Die ry waarin hy sit, het 'n ongelyke getal sitplekke en is die verste van die verhoog af.
Noem die ry en die sitpleknommer waar hy sit. (3)
- 3.1.4 Mali sit by D14. Sy besluit om na die verversingstalletjie te gaan wat direk oos van die beligtingshokkie is.
Gee die aanwysings vir die roete vanaf haar sitplek tot by die verversingstalletjie. (4)
- 3.1.5 Bepaal die waarskynlikheid om willekeurig 'n toeskouer te kies om by die groep op die verhoog aan te sluit indien $87\frac{1}{2}\%$ van al die sitplekke in die arena beset is. (3)
- 3.1.6 Daar word voorspel dat dit hoogs onwaarskynlik is dat dit op die aand van die vertoning sal reën. Kies EEN van die waardes hieronder wat hierdie waarskynlikheid die beste beskryf:
 $1,0$ $\frac{1}{2}$ $0,0$ 40% $\frac{3}{5}$ $0,8$ 20% (2)

- 3.2 BYLAE C toon die diagramme om 'n vloerlamp aanmekaar te sit.

Gebruik BYLAE C om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 3.2.1 Verwys na DIAGRAM 4.
(a) Moet die moer vasgedraai of losgedraai word? (2)
(b) Gee die rigting waarin die moer gedraai moet word. (2)
- 3.2.2 Hoeveel skroewe is nodig om die lampskerm aanmekaar te sit? (2)
- 3.2.3 Watter diagram kan verbind word met die instruksie: 'Koppel die staander aan die voetstuk.'? (2)
- 3.2.4 Die totale hoogte van die vloerlamp in die prentjie is 62 mm.
Bepaal die werklike hoogte (in m) van die vloerlamp indien die skaal van die diagram 1 : 30 is. (3)

[28]

VRAAG 4

4.1

Die motorfietslandspoedrekord is die vinnigste spoed wat deur 'n motorfietsryer op land behaal is.

TABEL 2 hieronder toon die motorfietslandspoedrekords vanaf 1930 tot 2010.

TABEL 2: MOTORFIETSLANDSPOEDREKORDS IN MYL PER UUR

JAAR	SPOED	RYER	JAAR	SPOED	RYER
1930	137,23	Joseph S Wright	1956	214,50	John Allen
1930	137,58	Ernst J Henne	1962	224,57	William Johnson
1930	150,65	Joseph S Wright	1966	245,67	Robert Leppan
1932	151,77	Ernst J Henne	1970	254,84	Cal Rayborn
1934	152,81	Ernst J Henne	1975	302,92	Don Vesco
1935	159,01	Ernst J Henne	1978	318,60	Don Vesco
1936	168,92	Ernst J Henne	1990	322,15	Dave Campos
1937	169,68	Eric Fernihough	2006	342,80	Rocky Robinson
1937	170,27	Piero Taruffi	2006	350,88	Chris Carr
1937	173,68	Ernst J Henne	2008	360,91	Rocky Robinson
1951	180,29	Wilhelm Herz	2009	367,38	Chris Carr
1955	184,83	Russell Wright	2010	376,36	Rocky Robinson
1956	193,73	John Allen			

[Aangepas uit Wikipedia/Landspeedrecords]

Gebruik TABEL 2 om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 4.1.1 Bepaal die verskil tussen die hoogste en laagste landspoedrekords wat tussen 1950 en 2000 opgestel is. (3)
- 4.1.2 Bepaal die getal ryers wat nuwe landspoedrekords vanaf 1930 tot 2010 opgestel het. (2)
- 4.1.3 Identifiseer die TWEE jare toe die landspoedrekord vir die langste tyd nie verbeter is nie EN noem ook die getal jare wat die rekord nie verbeter is nie. (3)
- 4.1.4 Noem die ryer wat die landspoedrekord die meeste keer gehou het EN noem ook hoeveel keer hierdie ryer die rekord gehou het. (3)
- 4.1.5 Bepaal die waarskynlikheid (as 'n persentasie) om willekeurig 'n landspoedrekord in TABEL 2 te kies wat gedurende die 21^{ste} eeu opgestel is. (3)

4.2

TABEL 3 hieronder toon die getalle en persentasies kinders van drie ouderdomsgroepe wat vanaf 2002 tot 2009 geen Suid-Afrikaanse opvoedkundige inrigting bygewoon het nie.

TABEL 3: GETALLE EN PERSENTASIES VAN KINDERS WAT VANAF 2002 TOT 2009 GEEN SUID-AFRIKAANSE OPVOEDKUNDIGE INRIGTING BYGEWOON HET NIE

Jaar	OUDERDOMSGROEPE					
	7 tot 15		16 tot 18		7 tot 18	
	Aantal kinders	%	Aantal kinders	%	Aantal kinders	%
2002	345 501	3,7	514 534	17,6	860 035	7,0
2003	265 328	2,8	522 914	17,2	788 242	6,4
2004	216 678	2,3	520 016	17,3	736 694	6,3
2005	209 309	2,2	539 177	17,8	A	6,0
2006	227 324	2,4	551 628	17,5	778 951	6,2
2007	200 520	2,1	477 411	14,8	677 931	5,4
2008	194 901	B	525 200	16,2	720 101	5,7
2009	142 843	1,5	519 576	16,7	662 419	5,3

[Aangepas uit www.statssa.co.za]

Gebruik TABEL 3 om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 4.2.1 Noem waarom die data vir die getal kinders as diskrete data beskou word. (2)
- 4.2.2 Identifiseer die ouderdomsgroep waar die meerderheid kinders geen opvoedkundige inrigting bygewoon het nie. (2)
- 4.2.3 Gee die jaar waartydens die ouderdomsgroep 16 tot 18 die beste bywoning getoon het. (2)
- 4.2.4 Bepaal die ontbrekende waarde A. (2)
- 4.2.5 Bepaal die ontbrekende waarde B, indien die totale getal kinders in daardie ouderdomsgroep 9 281 000 in 2008 was. (3)
- 4.2.6 Teken 'n knaklyngrafiek op ANTWOORDBLAD 2 om die persentasie kinders in die ouderdomsgroep 16 tot 18 wat vanaf 2002 tot 2009 geen opvoedkundige inrigting bygewoon het nie, voor te stel. (5)

[30]

VRAAG 5

Een van die maniere om die koopkrag van een land se geldeenheid met 'n ander land se geldeenheid te vergelyk, is om die plaaslike prys van algemene items wat in al die lande beskikbaar is, te vergelyk.

Die gemiddelde plaaslike prys van 'n Big Mac-burger en 'n 2 ℓ-kola, sowel as die wisselkoers, word in TABEL 4 in BYLAE D gegee.

Gebruik BYLAE D om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 5.1 Identifiseer die land wat die sterkste geldeenheid in vergelyking met die rand het. (2)
- 5.2 Bereken die prys in rand wat jy vir 'n 2 ℓ-kola in die Verenigde State van Amerika sal betaal. (2)
- 5.3 Bepaal die ontbrekende waardes:
- 5.3.1 **A** (2)
- 5.3.2 **B**, die waarde van EEN Indiese roepie in rand (2)
- 5.4 Bepaal die vereenvoudigde verhouding van die Singapoer-prys van 'n Big Mac-burger tot 'n 2 ℓ-kola. (3)
- 5.5 Identifiseer die TWEE lande wat amper dieselfde koopkrag het. (2)
- 5.6 Definieer die term *mediaan*. (2)
- 5.7 Gebruik die pryse in rand vir 'n Big Mac-burger om die volgende te doen:
- 5.7.1 Rangskik die data in dalende volgorde (2)
- 5.7.2 Bereken die gemiddelde prys (3)


[20]**TOTAAL: 150**

ANTWOORDBLAD 1

SENTRUMNOMMER:

EKSAMENNOMMER:

VRAAG 1.2.4(a)



ANTWOORDBLAD 2


SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 4.2.6





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

WISKUNDIGE GELETTERDHEID V1

ADDENDUM

NOVEMBER 2016

Hierdie addendum bestaan uit 5 bladsye.

BYLAE A
VRAAG 1.1

BOOYSEN M BOSSTRAAT 52 BLOEMFONTEIN	Bank Home Loans Enterpriseweg 1, Fairland, 2170 Posbus 1065 Johannesburg, 2000 Navrae: homeloans@co.za		
Huisleningstaat soos op 22 Maart 2014			
Verbandhouende Eiendom: Erf 20964, Pellissier Bosstraat 52 Bloemfontein	REKENINGOPSOMMING		
	Leningbesonderhede		
	Geregistreerde verbandbedrag	R	466 000,00Dt
	Uitstaande balans	R	378 123,87Dt
	Versekerde waarde van eiendom	R	1 185 627,28
	Leningstermyn		
	Oorblywende leningstermyn		12 jaar 4 maande
	Einddatum van lening		...
	Rentekoers		
	Huidige rentekoers		7,25%
	Uiteensetting van maandelikse terugbetalings		
	Basiese terugbetaling	R	3 842,45Dt
	Huisversekeringpremies	R	454,37Dt
	Administrasiegeld (BTW ingesluit)	R	5,70Dt
	Totale terugbetaling	R	4 302,52Dt

Neem kennis: Onbetaalde debietorders gedateer 1 Oktober 2013

Die debietorder is as gevolg van 'n bankfout nie op 1 Oktober 2013 betaal nie. Die debietorder is op 2 Oktober 2013 betaal. Die bank het die fout op 14 Oktober 2013 reggestel deur die betrokke rekeninge met een dag se rente op die debietorderbedrag te krediteer. Die bank bied verskoning aan vir die fout.


Huislening-transaksiegeskiedenis vanaf 22 September 2013 tot 22 Maart 2014

Transaksiedatum	Beskrywing	Debite R	Krediete R	Balans R
22 Sep 2013	Openingsaldo	385 127,06		385 127,06Dt
01 Okt 2013	Rente	2 137,43		387 264,49Dt
01 Okt 2013	#Maandelikse administrasiegeld	5,70		387 270,19Dt
01 Okt 2013	Debietorder		4 111,06	383 159,13Dt
01 Okt 2013	Onbetaalde debietorder	4 111,06		387 270,19Dt
02 Okt 2013	Debietorder		4 111,06	383 159,13Dt
14 Okt 2013	Aanpassing			383 158,37Dt
28 Okt 2013	Huiseienaarsversekering	5 275,04		388 433,41Dt
01 Nov 2013	Rente	2 201,26		390 634,67Dt
01 Nov 2013	#Maandelikse administrasiegeld	5,70		390 640,37Dt
01 Nov 2013	Debietorder		4 200,42	386 439,95Dt
01 Des 2013	Rente	2 143,95		388 583,90Dt
02 Des 2013	#Maandelikse administrasiegeld	5,70		388 589,60Dt
02 Des 2013	Debietorder		4 200,42	384 389,18Dt
01 Jan 2014	Rente	2 204,43		386 593,61Dt
02 Jan 2014	#Maandelikse administrasiegeld	5,70		386 599,31Dt
02 Jan 2014	Debietorder		4 200,42	382 398,89Dt
01 Feb 2014	Rente	2 203,50		384 602,39Dt
01 Feb 2014	#Maandelikse administrasiegeld	5,70		384 608,09Dt
01 Feb 2014	Debietorder		4 302,52	380 305,57Dt
01 Mrt 2014	Rente	2 115,12		382 420,69Dt
01 Mrt 2014	#Maandelikse administrasiegeld	5,70		382 426,39Dt
01 Mrt 2014	Debietorder		4 302,52	378 123,87Dt
22 Mrt 2014	Sluitingsbalans			378 123,87Dt

BYLAE B

VRAAG 3.1

SITPLEKPLAN VAN 'N BUITELUGARENA MET 432 SITPLEKKE




[Bron: www.oudeibertas.co.za]

BYLAE C

VRAAG 3.2

DIAGRAM OM 'N VLOERLAMP AANMEKAAR TE SIT



BYLAE D**VRAAG 5****TABEL 4: GEMIDDELDE PLAASLIKE PRYS VAN 'N BIG MAC-BURGER EN 'N 2 LITER-KOLA MET WISSELKOERSE SOOS OP 30 APRIL 2016**

LAND	WISSELKOERS (SOOS OP 30/04/2016)	2 ℓ KOLA	BIG MAC- BURGER	BIG MAC- BURGER PRYS IN RAND (R)
Suid-Afrika		R16	R50	R50
Brasilië	1 Brasiliaanse reaal is gelyk aan 4,14 Suid-Afrikaanse rand	R\$ 5,81	R\$ 23	R95,22
China	1 Suid-Afrikaanse rand is gelyk aan 0,46 Chinese joean	¥ 7	¥ 32	R69,57
Egipte	1 Egiptiese pond is gelyk aan 1,60 Suid-Afrikaanse rand	E£ 8	E£ 39	R62,40
Indië	B	Rs 74	Rs 267	R56,07
Duitsland	1 euro is gelyk aan 16,28 Suid-Afrikaanse rand	€ 1,68	A	R113,96
Nieu-Seeland	1 Nieu-Seelandse dollar is gelyk aan 9,93 Suid-Afrikaanse rand	NZ\$ 3,40	NZ\$10	R99,30
Singapoer	1 Suid-Afrikaanse rand is gelyk aan 0,095 Singapoer-dollar	SGD \$ 2,50	SGD \$ 8,00	R84,21
Verenigde Arabiese Emirate	1 Verenigde Arabiese Emirate dirham is gelyk aan 3,87 rand	Dh 4,82	Dh 24	R92,88
Verenigde Koninkryk	1 Suid-Afrikaanse rand is gelyk aan 0,048 Britse pond	£ 1,80	£ 5,70	R118,75
Verenigde State van Amerika	1 Suid-Afrikaanse rand is gelyk aan 0,070 VS-dollar	\$ 1,94	\$ 6,69	R95,57

[Bron: www.expistan.com> cost of living]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

WISKUNDIGE GELETTERHEID V1

NOVEMBER 2016

FINALE NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Simbool	Verduideliking
M	Metode
MA	Metode met Akkuraatheid
CA	Volgehoue Akkuraatheid
A	Akkuraatheid
C	Herleiding
S	Vereenvoudiging
RT/RG	Lees vanaf 'n tabel/grafiek /diagram
SF	Korrekte vervanging in 'n formule
O	Opinie/Voorbeeld/Definisie/Verduideliking
P	Penaliseer bv. geen eenhede, foutiewe afronding, ens.
R	Afronding
NP	Geen penalisasie vir afronding of vir eenhede uitgelaat

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

Vraag 1 [43 Punte]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/V
1.1.1	Booyesen M ✓✓A	2A korrekte naam Aanvaar “Bank Home Loans” (2)	F L1
1.1.2	Julie ✓A 2026 ✓A	1A korrekte maand Aanvaar 7de maand 1A korrekte jaar Slegs antwoord Volpunte (2)	L1
1.1.3	R1 185 627,28 – R466 000,00 =R719 627,28 ✓CA ✓M/A	1M/A aftrekking van korrekte waardes 1CA verskil Slegs antwoord Volpunte NP (2)	L1
1.1.4	Total Admin. fooi = R5,70 × 12 × 20 = R1 368 ✓CA ✓RT ✓M	1RT lees vanaf tabel 1M vermenigvuldig korrek met totale aantal maande 1CA totale fooi Slegs antwoord Volpunte NP (3)	L1
1.1.5	7,25% + 0,5% = 7,75% ✓A ✓M	1M optel van korrekte % 1A som Slegs antwoord Volpunte (2)	L1

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/V
1.1.6	$\text{Bedrag sonder BTW} = \frac{R5,70}{114\%} \quad \checkmark\text{MA}$ $= R5,00$ $\therefore \text{BTW-bedrag} = R5,70 - R5,00 = R0,70 \quad \checkmark\text{CA}$ <p style="text-align: center;">OF</p> $\text{BTW bedrag} = \frac{14\%}{114\%} \times R5,70 \quad \checkmark\text{A}$ $= R0,70 \quad \checkmark\text{M}$ $\quad \checkmark\text{CA}$	<p>1MA deling deur 114%</p> <p>1M aftrekking 1CA BTW-bedrag</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>1M deling deur 114% 1A vermenigvuldig met 14% 1CA BTW bedrag</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L2
1.1.7	<p style="text-align: right;">$\checkmark\text{O}$</p> <p>'n Bedrag voorgeskiet/geleen</p> <p>om 'n huis/woonstel/residensiële eiendom te koop</p> <p style="text-align: center;">$\checkmark\text{O}$</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Geld geleen om 'n huis te koop</p>	<p>1O Geld geleen</p> <p>1O koop van huis/woonstel/residensiële eiendom</p> <p style="text-align: right;">(2)</p>	L1
1.1.8	B $\checkmark\checkmark\text{A}$	<p>2A korrekte rede Aanvaar C</p> <p style="text-align: right;">(2)</p>	L1
1.1.9 (a)	$R383\,159,13 - R383\,158,37$ $= R0,76 \quad \checkmark\text{CA}$ <p style="text-align: center;">$\checkmark\text{MA}$</p>	<p>1M/A aftrekking van korrekte waardes 1CA vereenvoudiging van balans kolom vir Oktober</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p style="text-align: right;">(2)</p>	L1
1.1.9 (b)	Krediet $\checkmark\checkmark\text{A}$	<p>2A korrekte kolom</p> <p style="text-align: right;">(2)</p>	L1
1.1.10	$\text{Rente} = \frac{R378\,123,87 \times 31 \times 7,25\%}{365} \quad \checkmark\text{A}$ $= R2\,328,31 \quad \checkmark\text{CA}$ <p style="text-align: center;">$\checkmark\text{SF}$</p>	<p>1A 31 dae 1SF korrekte balans en % 1CA rente</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p>NP</p> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L2

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/V
1.2.1	Die koste wat verander (nie vas/nie konstant/verskil) afhangende van die aantal persone. ✓✓O	2O verduideliking (2)	L1
1.2.2	Totale koste (in Rand) = $6\ 000 + 230 \times 45$ = $6\ 000 + 10\ 350$ = $16\ 350$ ✓CA	1A vervanging met 6 000 1A vervanging met 45 1CA koste <div style="border: 1px solid black; padding: 2px; display: inline-block;">Slegs antwoord Volpunte</div> (3)	L2
1.2.3 (a)	Avon ✓✓RG	2RG aflees van grafiek (2)	L1
1.2.3 (b)	200 ✓✓RG	2RG aflees van grafiek Aanvaar 160 (2)	L1

VRAAG 2 [29 PUNTE]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
2.1.1 (a)	$d = 4,2 \text{ m} - (1,2 \text{ m} + 1,8 \text{ m}) \quad \checkmark M$ $= 1,2 \text{ m} \quad \checkmark A$ $= 1\,200 \text{ mm} \quad \checkmark C$ <p style="text-align: center;">OF</p> $d = 4200 \text{ mm} - (1\,200 \text{ mm} + 1800 \text{ mm})$ $= 1\,200 \text{ mm} \quad \checkmark A$	1M aftrekking 1A waarde 1C herleiding <p style="text-align: center;">OF</p> 1M aftrekking 1C herleiding 1A waarde <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 0 auto;"> Slegs antwoord Volpunte </div> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L1
2.1.1 (b)	$15\text{m} + 1,2 \text{ m} + 1,2 \text{ m} + 4,2 \text{ m} + 1,2 \text{ m} + 1,2 \text{ m} + 15 \text{ m} \quad \checkmark MA$ $= 39 \text{ m} \quad \checkmark CA$ $= 39\,000\text{mm} \quad \checkmark C$ <p style="text-align: center;">OF</p> $15 \text{ m} \times 2 + 1,2 \text{ m} \times 4 + 4,2 \text{ m} = 39 \text{ m} \quad \checkmark CA$ $= 39\,000 \text{ mm} \quad \checkmark C$	1M/A optelling alle waardes 1CA totale lengte 1C herleiding <p style="text-align: center;">OF</p> 1M/A optelling alle waardes 1CA totale lengte 1C herleiding <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 0 auto;"> Slegs antwoord Volpunte </div> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L1
2.1.1 (c)	$\text{Totale oppervlakte} = 1,8 \text{ m} \times 15 \text{ m} + 1,2 \text{ m} \times 4,2 \text{ m} \quad \checkmark SF$ $= 27 \text{ m}^2 + 5,04 \text{ m}^2 \quad \checkmark S$ $= 32,04 \text{ m}^2 \quad \checkmark A \quad \checkmark A$ <p style="text-align: center;">OF</p> $\text{Totale oppervlakte} \quad \checkmark S \quad \checkmark SF$ $= 2(1,2 \times 1,2) \text{ m}^2 + [1,8 \times (15 + 1,2)] \text{ m}^2$ $= 2,88 \text{ m}^2 + 29,16 \text{ m}^2$ $= 32,04 \text{ m}^2 \quad \checkmark A \quad \checkmark A$ <p style="text-align: center;">OF</p> $\text{Totale oppervlakte} \quad \checkmark S \quad \checkmark SF$ $= [2(1,2 \times 1,2) + (1,8 \times 15) + (1,8 \times 1,2)] \text{ m}^2$ $= [2,88 + 27 + 2,16] \text{ m}^2$ $= 32,04 \text{ m}^2 \quad \checkmark A \quad \checkmark A$ <p style="text-align: center;">OF</p>	1SF vervanging 1S vereenvoudiging 1A oppervlakte 1A korrekte eenheid <p style="text-align: center;">OF</p> 1SF vervanging 1S vereenvoudiging 1A oppervlakte 1A korrekte eenheid <p style="text-align: center;">OF</p> 1SF vervanging 1S vereenvoudiging 1A oppervlakte 1A korrekte eenheid <p style="text-align: center;">OF</p>	L2

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
	Totale oppervlakte \checkmark SF $= 16,2 \text{ m} \times 4,2 \text{ m} - 2 \times (1,2 \text{ m} \times 15 \text{ m})$ $= 68,04 \text{ m}^2 - 36 \text{ m}^2 \quad \checkmark$ S $= 32,04 \text{ m}^2$ \checkmark A \checkmark A	1SF vervanging 1S vereenvoudiging 1A oppervlakte 1A korrekte eenheid Maks. 2 uit 4 punte indien een opp. korrek uitgewerk met eenheid (4)	
2.1.1 (d)	$\frac{1}{3}$ van die lengte van die saal = 16,2 m \checkmark A Lengte van saal = 16,2 m \times 3 OF 16,2 m \div $\frac{1}{3}$ \checkmark M $= 48,6 \text{ m} \quad \checkmark$ CA	1A lengte van loopplank 1M vermenigvuldig met 3 1CA lengte van saal Slegs antwoord Volpunte (3)	L1
2.1.2	$4,2 \text{ m} = \frac{4,2}{0,3048} \text{ voet} \quad \checkmark$ M $= 13,7795.. \text{ voet} \quad \checkmark$ S $\approx 13,8 \text{ voet} \quad \checkmark$ R	1M deel deur herleidingsfaktor 1S vereenvoudiging 1R afronding Slegs antwoord Volpunte (3)	L2
2.2.1	$3\,456 \text{ cm}^3 = A^2 \times 24 \text{ cm} \quad \checkmark$ SF \checkmark C $A^2 = 3\,456 \text{ cm}^3 \div 24 \text{ cm}$ $= 144 \text{ cm}^2 \quad \checkmark$ CA $A = \sqrt{144} \text{ cm}$ $= 12 \text{ cm} \quad \checkmark$ CA OF $A = \sqrt{\frac{3\,456}{24}} \quad \checkmark$ SF \checkmark C \checkmark CA $= 12 \text{ cm} \quad \checkmark$ CA	1SF vervanging in formule 1C herleiding na cm 1CA vereenvoudiging 1CA lengte van A OF 1SF vervanging in formule 1C herleiding na cm 1CA vereenvoudiging 1CA lengte van A Slegs antwoord Volpunte (4)	L2

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
2.2.2	<p>Oppervlakte van een etiket $\checkmark A$ $\checkmark SF$ $= (1 + 2 \times 3,142 \times 7) \times 24 \text{ cm}$ $= 1\,079,712 \text{ cm}^2$</p> <p>Totale oppervlakte van etikette $\checkmark M$ $= 1\,079,712 \text{ cm}^2 \times 76$ $= 82\,058,112 \text{ cm}^2$ $\approx 82\,058 \text{ cm}^2$ $\checkmark R$</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Totale oppervlakte van etikette $\checkmark A$ $\checkmark SF$ $\checkmark M$ $= [(1 + 2 \times 3,142 \times 7) \times 24 \text{ cm}] \times 76$ $= 82\,058,112 \text{ cm}^2$ $\approx 82\,058 \text{ cm}^2$ $\checkmark R$</p>	<p>1SF vervanging in formule 1A oppervlakte van een etiket 1M vermenigvuldig met 76</p> <p>1R afronding (aanvaar 82 059)</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>1SF vervanging in formule 1A oppervlakte van een etiket 1M vermenigvuldig met 76 1R afronding (aanvaar 82 059)</p> <p>Penaliseer met een punt indien π op sakrekenaar gebruik word</p> <p style="text-align: right;">(4)</p>	L2
2.2.3	<p>Volume van silinder $\checkmark SF$ $= 3,142 \times 7^2 \times 24 \text{ cm}^3$ $= 3\,694,992 \text{ cm}^3$ $\checkmark A$</p> <p>Verskil in volume $\checkmark MA$ $= 3\,694,992 \text{ cm}^3 - 3\,456 \text{ cm}^3$ $= 238,99 \text{ cm}^3$</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Verskil in volume $\checkmark SF$ $\checkmark A$ $\checkmark MA$ $= 3,142 \times 7^2 \times 24 \text{ cm}^3 - 3\,456 \text{ cm}^3$ $= 238,99 \text{ cm}^3$</p>	<p>1SF vervanging in formule 1A volume van silinder 1M/A toon hoe volume verkry is</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>1SF vervanging in formule 1A volume van silinder 1M/A toon hoe volume verkry is</p> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L2
2.2.4	<p>kilogram of kg of g $\checkmark \checkmark A$</p>	<p>2A eenheid</p> <p style="text-align: right;">(2)</p>	L1
		[29]	

VRAAG 3 [28 PUNTE]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
3.1.1	<p>Ry A = 15 ; Ry B = 16 ; Ry C = 18 Ry D = 19 ; Ry E = 21 ; Ry F = 22 Ry G = 24 ; Ry H = 25 ; Ry J = 26</p> <p style="text-align: right;">✓A</p> <p style="text-align: center;">✓M</p> <p>Totaal = 15 + 16 + 18 + 19 + 21 + 22 + 24 + 25 + 26 = 186 ✓CA</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p style="text-align: right;">✓M</p> <p>Totaal = 432 – totaal linkerblok– totaal regterblok = 432 – 121 – 125 ✓A = 186 ✓CA</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Totaal ✓A = (32 + 33 + 35 + 36 + 38 + 39 + 41 + 42 + 43) – (17 × 9) = 339 – 153 ✓M = 186 ✓CA</p>	<p>1A getal sitplekke in rye A – J</p> <p>1M optelling</p> <p>1CA totaal</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>1M aftrekking 1A totale vir beide blokke 1CA totaal</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>1A aantal sitplekke in regterblok 1M aftrekking van addisionele sitplekke 1CA totaal</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;"> <p>Slegs antwoord Volpunte 185 of 187 twee punte</p> </div> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L1
3.1.2	Noordwes/NW ✓✓A	2A rigting (2)	L1
3.1.3	<p>H30 ✓✓✓A OF 8^{ste} ry vanaf die verhoog sitplek 30 OF tweede ry van agter sitplek 30</p>	<p>3A as ry EN sitplek korrek is 2A as ry OF sitplek korrek is</p> <p style="text-align: right;">(3)</p>	L1
3.1.4	<p>Gaan uit na die linkerkant / gang ✓A Draai links in die paadjie ✓A Loop reguit na ingang/uitgang 1 ✓A By ingang/uitgang 1 sal die verversingstalletjie aan die regterkant wees ✓A</p>	<p>1A gaan links/gang uit 1A draai links in paadjie 1A loop na die ingang/uitgang 1 1A posisie van verversingstalletjie</p> <p style="text-align: right;">(4)</p>	L2

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
3.1.5	$87\frac{1}{2}\% \times 432 = 378$ \checkmark MA OF $0,875 \times 432 = 378$ $P = \frac{1}{378}$ \checkmark A OF $0,26\%$ OF $0,0026$ \checkmark CA	1MA bereken % van 432 (CA van V 3.1.1) 1A teller 1CA noemer <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div>	P L2
3.1.6	20% $\checkmark\checkmark$ A	2A korrekte desimaal (2)	P L1
3.2.1 (a)	Losgemaak $\checkmark\checkmark$ A	2A losgemaak (2)	L1
3.2.1 (b)	Antikloksgewys OF linksom $\checkmark\checkmark$ A	2A rigting (2)	L1
3.2.2	3 $\checkmark\checkmark$ A	2A 3 skroewe (2)	L2
3.2.3	3 $\checkmark\checkmark$ A	2A korrekte diagram (2)	L1
3.2.4	\checkmark M Werklike lengte = $62 \text{ mm} \times 30$ OF $6,2 \text{ cm} \times 30$ $= 1\,860 \text{ mm}$ \checkmark A $= 186 \text{ cm}$ $\approx 1,86 \text{ m}$ \checkmark C $= 1,86 \text{ m}$ OF \checkmark C \checkmark M Werklike lengte = $0,062 \text{ m} \times 30$ $= 1,860 \text{ m}$ $\approx 1,86 \text{ m}$ \checkmark A	1M vermenigvuldig met skaal 1A lengte in mm/cm 1C herleiding OF 1M vermenigvuldig met skaal 1A lengte in m 1C herleiding <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div>	L2
		(3)	
		[28]	

VRAAG 4 [30 PUNTE]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
4.1.1	$\checkmark A$ $\checkmark M$ $322,15 - 180,29 \text{ mph}$ $= 141,86 \text{ myl per uur}$ $\checkmark CA$	1A identifiseer korrekte hoogte en laagste waardes 1M aftrekking 1CA verskil <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;"> Slegs antwoord Volpunte </div> NP (3)	L1
4.1.2	14 $\checkmark\checkmark RT$	2RT korrekte getal ryers (2)	L1
4.1.3	$\checkmark RT$ $\checkmark RT$ 1990 en 2006 16 jaar $\checkmark CA$	1RT eerste jaar 1RT tweede jaar 1CA aantal jare Aanvaar 17 jaar (3)	L1
4.1.4	Ernest J Henne $\checkmark\checkmark RT$ 6 keer $\checkmark A$	2RT ryer se naam 1A aantal kere (3)	L1
4.1.5	$\checkmark A$ $\frac{5}{25} \times 100\%$ $\checkmark A$ $= 20\%$ $\checkmark CA$	1A aantal jare in 21 ^{ste} eeu 1A totale aantal jare 1CA waarskynlikheid as 'n persentasie <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;"> Slegs antwoord Volpunte </div> (3)	P L3
4.2.1	Die aantal kinders kan slegs heelgetalle wees $\checkmark\checkmark O$ OF $\checkmark\checkmark O$ Die aantal kinders kan nie desimale / breuke wees nie.	2O verduideliking OF 2O verduideliking (2)	L1
4.2.2	16 to 18 $\checkmark\checkmark RT$	2RT identifiseer korrekte ouderdomsgroep (2)	L1
4.2.3	2007 $\checkmark\checkmark RT$	1RT identifiseer korrekte jaar (2)	L1

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L																		
4.2.4	$A = 209\,309 + 539\,177$ $= 748\,486$	1RT korrekte waardes 1A waarde van A Slegs antwoord Volpunte (2)	L1																		
4.2.5	$B = \frac{194\,901}{9\,281\,000} \times 100$ $= 2,1$	1RT korrekte waardes 1M vermenigvuldig met 100 1CA waarde van B (3)	L1																		
4.2.6	<p style="text-align: center;">PERSENTASIE KINDERS IN DIE OUDERDOMSGROEP 16 TOT 18 WAT VANAF 2002 TOT 2009 GEEN OPVOEKUNDIGE INRIGTING BYGEWOON HET NIE</p> <table border="1"> <caption>Data for Percentage of Children in Parental Age Group (16-18) Not Attending Any Educational Institution (2002-2009)</caption> <thead> <tr> <th>Jaar</th> <th>Persentasie</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>2002</td><td>17,6</td></tr> <tr><td>2003</td><td>17,2</td></tr> <tr><td>2004</td><td>17,3</td></tr> <tr><td>2005</td><td>17,8</td></tr> <tr><td>2006</td><td>17,5</td></tr> <tr><td>2007</td><td>14,8</td></tr> <tr><td>2008</td><td>16,2</td></tr> <tr><td>2009</td><td>16,7</td></tr> </tbody> </table>		Jaar	Persentasie	2002	17,6	2003	17,2	2004	17,3	2005	17,8	2006	17,5	2007	14,8	2008	16,2	2009	16,7	L2
Jaar	Persentasie																				
2002	17,6																				
2003	17,2																				
2004	17,3																				
2005	17,8																				
2006	17,5																				
2007	14,8																				
2008	16,2																				
2009	16,7																				
4A (1 vir elke twee punte korrek gestip) 1CA indien al die punte korrek gestip is. (Geen penalisering indien punte nie verbind)			(5)																		
			[30]																		

VRAAG 5 [20 PUNTE]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
5.1	Verenigde Koninkryk OF Brittanje ✓✓RT	2RT lees vanaf tabel (2)	D L1
5.2	<p>1 Suid-Afrikaanse rand = 0,070 VS dollar</p> $\therefore \$1,94 = R \frac{1,94}{0,07} \quad \checkmark M$ $= R27,71 \quad \checkmark A$ <p style="text-align: center;">OF</p> $R95,57 \div \$6,69 = 14,2855\dots \quad \checkmark M$ $\$1,94 \times 14,28855\dots = R27,71 \quad \checkmark A$	<p>1M deling deur wisselkoers 1A randwaarde</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>1M deling deur prys in rand 1A randwaarde</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p style="text-align: right;">(2)</p>	F L2
5.3.1	$A = \frac{113,96}{16,28} \text{ euro} \quad \checkmark M$ $= 7 \text{ euro} \quad \checkmark A$	<p>1M deling deur wisselkoers 1A euro waarde met eenheid</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p style="text-align: right;">(2)</p>	F L2
5.3.2	$B = \frac{56,07}{267} \quad \checkmark M$ $= 0,21 \quad \checkmark A$ <p>1 Indiese Roepee is gelyk aan 0,21 Suid-Afrikaanse rand</p>	<p>1M deling deur wisselkoers 1A randwaarde</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p style="text-align: right;">(2)</p>	F L2
5.4	$\text{SGD } \$ 8,00 : \text{SGD } \$ 2,50 \quad \checkmark A \quad \checkmark MA$ $= 16 : 5 \quad \checkmark CA$	<p>1A identifiseer die korrekte waardes 1MA verhouding in korrekte orde 1CA vereenvoudigde verhouding</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: 10px auto;">Slegs antwoord Volpunte</div> <p style="text-align: right;">(3)</p>	F L1

Vraag	Oplossing	Verduideliking	Onderw/L
5.5	\checkmark RT Verenigde State van Amerika en \checkmark RT Brasilië	1RT Verenigde State van Amerika 1RT Braslië (2)	D L1
5.6	\checkmark O 'n Mediaan is die middel waarde van data wat gerangskik/ georden/gesorteer is. \checkmark O	1O middelste waarde 1O gerangskik/georden/ gesorteer (2)	D L1
5.7.1	\checkmark RT R118,75; R113,96; R99,30; R95,57; R95,22; R92,88; R84,21; R69,57; R62,40; R56,07; R50 \checkmark A	1RT lees vanaf tabel 1A korrekte orde NP (2)	D L1
5.7.2	Gemiddelde(in rand) = \checkmark M $\frac{50 + 56,07 + 62,40 + 69,57 + 84,21 + 92,88 + 95,22 + 95,57 + 99,30 + 113,96 + 118,75}{11} \checkmark$ A $= \frac{937,93}{11}$ $\approx 85,27 \checkmark$ CA	1M optelling van waardes 1A deling deur 11 (kyk CA vanaf V5.7.1) 1CA gemiddelde Slegs antwoord Volpunte (3)	D L2
		[20]	
TOTAAL			150